

sykante die oorbl 40 rye van die streeppaneel. Verwyder daarna merklusse en brei voort met kabelpaneel, maar brei sykante in ks.

Brei tot voorpant so lank soos agterpant tot beg van mousgatvorming is, eindig met 'n VK-ry.

Mousgatvorming: Brei soos vir mousgat van agterpant van ** tot **, daar is nou 85(89; 93; 95; 99) ste, met kabelpaneel-ste gereken vir 37 ste. Brei tot 112(120; 129; 138; 146) rye voltooi is vanaf beg van pat, eindig dus met 'n 28e(8e; 17e; 26e; 6e) kabelpaneel-ry.

Net 3e grootte, vlg ry: Aw28, r6, (aw2, aw2tes) 3 keer, (r2, r2tes) 2 keer, r1, (aw2tes, aw2) 3 keer, r6, aw28.

Let wel: Daar is nou 37 ste in die kabelpaneel vir elke grootte.

Halsvorming, 1e ry: R24(26; 28; 29; 31), brei die eerste 4(3; 2; 2; 2) ste van kabelpaneel sonder vorming, plaas hierdie linkerskouer-ste op 'n reserwenaald, heg vlg 29(31; 33; 33; 33;) ste af, brei tot einde.

Regterskouer: Brei 1 ry op die 28(29; 30; 31; 33) ste op N.

***Heg 4 ste af aan beg van vlg ry, 3 ste aan die selfde rand van vlg alt ry, 2 ste in daaropvlg alt ry en 1 st in vlg 1(1; 1; 1; 2) alt rye.

Brei nog 'n paar rye op oorbl 18(19; 20; 21; 22) ste tot werk so lank soos agterpant tot skouer is. Heg af.

Linkerskouer: Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi soos regterskouer van *** tot einde.

MOUE (2)

Gebruik 3,25 mm-Ne en stel 39(41; 43; 43; 45) ste op; brei 7 rye rs.

Vermeer-ry: [Rif 9(9; 10; 10; 11), vermeer in vlg st] 3 keer, rif oorbl 9(11; 10; 10; 9) ste – 42(44; 46; 46; 48) ste.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne en brei die 42 rye van horisontale streep patroon, brei daarna voort in ks; vermeer **terselfdertyd** 1 st aan weersk van elke vlg 8e ry 0(2; 3; 3; 4) keer, daarna in elke vlg 6e ry 13(12; 12; 14; 14) keer.

Brei op 68(72; 76; 80; 84) ste tot werk 31(35; 38; 42; 45) cm lank is vanaf beg.

Moukopvorming: Soos vir vorming van mousgat van agterpant van ** tot **. Heg oorbl 60(64; 66; 68; 70) ste af.

AFWERKING

Met RK voor en 3,25 mm-Ne, tel op en r 18(19; 20; 21; 22) ste uit regterskouerrand van agterpant, 40(42; 44; 44; 46) ste uit halsrand van agterpant en 18(19; 20; 21; 22) ste uit linkerskouer van agterpant – 76(80; 84; 86; 90) ste. Brei 4 rye rs en heg taamlik lossies af.

Met RK voor en 3,25 mm-Ne, tel op en r 18(19; 20; 21; 22) ste uit linkerskouerrand van voorpant, 46(48; 50; 52; 54) ste uit halsrand van voorpant en 18(19; 20; 21; 22) ste uit regterskouer van voorpant – 82(86; 90; 94; 98) ste. Brei 4 rye rs en heg taamlik lossies af.

Werk afhegande van skouerboorde vas; werk moue vas en werk laastens sy- en mounate toe; sorg dat strepe ooreenstem.

Hekel 'n kombers en kussing en vou jou op ysige dae warm toe terwyl jy sit en lees



'n Knus kombers en kussing

BENODIGHEDE

Pingouin Classic Sport Chunky (50 g-bolle); vir kombers, 9 bolle ligpers, 14 bolle pers, 1 bol elk groen en pienk; vir kussing, 7 bolle in gekose kleure; hekelpen van 4 mm; stomppuntrygnaald met baie groot oog vir weefwerk.

MATE

Kombers: sowat 2,5 m lank en 1,75 m breed; kussingootreksel: sowat 34 cm lank en 40 cm breed; albei sonder fraiings.

AFKORTINGS

ks – kettingsteek; lb – langbeen; sp(s) – spatie(s); herh – herhaal; beg – begin; st(e) – steek(steke).

KOMBERS

Begin met ligpers, hekel 180 ks, draai.

Vlg ry: Beg in 7e ks vanaf hekelpen, 1lb in 7e ks, *1ks, 1lb tot einde.

Vlg ry: 4ks vir 1e lb en 1e ks, 1lb in lb, *1ks, 1lb tot einde.

Hekel so voort tot 6 rye ligpers voltooi is.

Slaan dan oor na pers, hekel 8 rye.

Gaan voort met 2 rye groen, 8 rye pers, 10 rye ligpers.

Hekel daarna (8 rye pers, 2 rye pienk, 8 rye pers en 10 rye ligpers) 2 keer.

Vir laaste deel hekel 8 rye pers, 2 rye groen, 8 rye pers, 6 rye ligpers.

Dit voltooi die hekelwerk.

Meet lengte van gehekelde kombers, en tel 70 cm by vir fraiings aan bo- en onderkant.

Bereken 3 ewe groot drade vir elke ry spasies, en gebruik deurgaans die 1e draad as maatstaf. Ryg 3 drade tesame in lengte van kombers deur spasies.

Begin van sykant af; weef 6 rye ligpers, 8 rye pers daar langs, 2 rye groen, 8 rye pers, 10 rye ligpers. Gaan voort met 8 rye pers, 2 rye pienk, 8 rye pers en 10 rye ligpers. Voltooi weefwerk met 8 rye pers, 2 rye groen, 8 rye pers en 6 rye ligpers. Knoop laastens die bondels drade twee-twee in omslagknope en knip fraiings gelyk.

KUSSINGOORTREKSEL

Begin met 102 ks, draai, plaas 1e lb in 7e ks vanaf hekelpen, dan *1ks, 1lb tot einde – 48 ste. Hekel voort tot werk, wanneer dubbel gevou, ongeveer 'n vierkant vorm en wissel die kleure af soos verlang.

Knip gare af. Weef drade en kontraskleurdrade deur soos vir kombers.

Vou werk dubbel en werk 1 sykant gedeeltelik toe.

Knoop fraiingdrade van voor- en agterkant twee-twee in bondels saam om bo- en onderkant toe te werk. Knip gelyk.

Plaas vultussing in oortreksel en werk opeening toe.

• Jy kan jou eie patroon maak deur die rye en kleure te varieer.



Geheel deur JOY BOTHA van die JANNIE BRINK-SKOOL vir verstandelik gestremde kinders op Kimberley.

Patroon en ontwerp deur PINGOUIN-ontwerpateljee.